Publication: Avontuur Afrika

Date: Tuesday, August 01, 2023

Page: 8

Praatjie oor renosterstropery wen kompetisie

Die Lapalala Wilderness School (LWS) ondersteun 39 skole, 370 opvoeders en ongeveer 10 874 leerders deur hul Sustainable Schools-program. Die program se doel is om 'n passie vir die natuur by die jeug te kweek en LWS se visie is om kinders te inspireer om die waarde van die biodiversiteit van die natuur te ontdek. Só word Afrika se toekomstige bewaringskampioene dan ook geïdentifiseer en gekoester.

Die skool het die afgelope tien jaar ook 'n redenaarskompetisie geborg om bewustheid rondom die erns van renosterstropery te skep. Die wenner van die 2022-kompetisie was Daniel Nkhumane, 'n graad 11-leerling aan die Sekoba Secondary School in Ga-Masenya Village, Mokopane.

Voor 2022 was Daniel nie juis 'n uitblinker op skool nie. Hy erken self dat hy sy skoolwerk afgeskeep het en dit selfs oorweeg het om skool te verlaat nadat hy graad 10 twee keer gedruip het. Boonop het hy min selfvertroue gehad en die verkeerde vriende gemaak en was duidelik op 'n afdraande pad.

Daniel het egter besluit om sy lewe reg te ruk en na 'n ander skool te skuif – van een wat naby sy huis was na Sekoba Secondary School, meer as 'n uur se stap weg. Sy aansoek by dié skool is byna afgekeur weens sy swak akademiese rekord, maar een van die onderwysers het die skoolhoof oortuig dat dié jong man 'n tweede kans verdien.

LWS het die redenaarskompetisie oor renosterstropery tussen 'n aantal skole in die streek gefasiliteer. Daniel was een van twee leerders wat gekies is om sy skool te verteenwoordig. Hy was opgewonde en het al die navorsing vir die projek gedoen, maar was te skaam om sy praatjie voor sy klasmaats en onderwysers te lewer. Een van die onderwysers wat in hom geglo het, het hom uiteindelik oorreed om wel deel te neem.

Daniel was baie senuweeagtig en moes aan die begin van sy praatjie 'n reuse sluk water neem om van sy droë mond ontslae te raak. Dit het as't ware die ys gebreek en hom die selfvertroue gegee wat hy nodig gehad het. "Ek het my bes gedoen maar nooit gedink ek sal wen nie, want die ander deelnemers se praatjies was uitstekend. Jy kon my dus met 'n veertjie omtik toe ek as wenner aangewys is," vertel Daniel.

Daniel het 'n belangrike boodskap vir alle leerders. "Moet nooit moed opgee nie en glo in jouself. Sommige van ons moet net 'n bietjie harder werk as ander, maar kan steeds groot hoogtes bereik. Kies jou vriende versigtig en maak wyse lewensbesluite. Soos die spreekwoord lui, spyt kom altyd te laat."

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.